SAWA RIETVALLEI

San Cha Len Oktober 2022

Die saamtrek by San Cha Len

21 tot 23 Oktober

Wat n heerlike, rustige en ontspanne naweek by San Sha Len. Alles was so mooi en georganiseerd. Dankie aan Whytie.

Met ons aankoms Dinsdag was 2 karavane alreeds tuis.

Donderdagmiddag het die een na die ander karavaan ingestroom. Die middag is almal hartlik verwelkom met 'n roomys, wat jy teen 'n tempo moes verslind sodat dit nie op die grond beland nie. Donderdagaand het almal rustig verkeer by sy eie plekkie.

Vrydagoggend het die een kar na die ander die terrein verlaat vir 'n heerlike ontbyt orals. Half ses is boekevat deur Bertus Marx gelei. Die tema was "Oplossing vir ons probleme deur gebed en danksegging." Vrydagaand het ons as SAWA vriende lekker saam "Deboned Spareribs op Toeka tuisgebakte buns" met 'n nagereg saam genuttig en daarna lekker saam gekuier tot laat aand.

Saterdagoggend was almal rustig tot 11 uur, toe ons as vriende saam weer Ann Stewart se 80ste verjaarsdag gevier het met 'n heerlike tuisgebakte koek en warm plaatkoekies. Half 4 die middag het ons weer saam 'n heerlike bakkie roomys met stroop geniet.
6 uur die aand het elkeen sy mandjie gepak en saam in die Lapa heerlik vleis gebraai terwyl dit saggies gereën het.
Ons is kort kort die naweek verras met beurtkrag, maar nie eers dit het ons onder gekry nie, net lekkerder saam gesellig verkeer.

Sondagoggend het ons die erediens op video gekyk. Dit was gelei deur ds. Christo van der Merwe van die Kemptonpark-Oos Hervormde Gemeente. Die tema was "Wat is jou berg?" Frans Scholtz het die afsluiting behartig. Johan en Erna ontvang hulle 75ste algemene plaatjie en almal wat in Oktober verjaar, het 'n heerlike sjokolade ontvang. Daarna het

ons heerlik tuisgemaakte vars vrugteslaai, poeding, roomys en vla genuttig en 'n koppie tee. Toe het die eerste karavane ons verlaat en ons het die dag saam verder geniet en dit afgesluit met 'n heerlike eet- en drinkding by Ann se karavaan.

Maandagoggend vroeg het almal begin skarrel en oppak en teen 9 uur al het ons die pad huis toe aangepak.